

‘N GROETEBOODSKAP

Kersversierings en die geklank van kersmusiek herinner elkeen deeglik aan die tyd van die jaar - dis adventtyd in 1997! Die jaar het voortgespoed en het van baie nuwe ervarings nou net herinneringe van die jaar gemaak.

My wens is dat die vreugdes en hartseer van die afgelope jaar trapstene na geluk en voorspoed in die komende jare sal wees. Dankie vir u ondersteuning aan u kleuters en u bydrae tot die suksesse wat Bennie Boekwurm se Kinderland (Liadorma-trust) vanjaar kon smaak.

Met die soek na mooi kerskaarte val my oog op die woorde van Angelus Silesius:

“ En al word Christus ‘n duisend maal in Bethlehem gebore en nie in jou nie, dan bly jy verlore” - dit laat ‘n mens werklik weer met nuwe oë na hierdie tyd van die jaar kyk; naamlik dat ons verby die blink van papier en plastiek sal kyk en sal beseef:

“God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê”

Mag hierdie Kerstyd werklik vir u en u gesin ‘n Christusfees wees en die nuwe jaar besaai word met geluk, vrede en blydschap.

Dorothea Prinsloo & dogters Juliana en Amelia

‘n GROETEBODSKAP

Kersversierings en die geklank van kersmusiek herinner elkeen deeglik aan die tyd van die jaar - dis adventtyd in 1999! Die jaar het voortgespoed en met die draai van die eeu het vele nuwe ervarings nou net herinneringe van die jaar geword. Die wens vir hierdie jaareind is dat die vreugdes en hartseer van die afgelope jaar trapstene na geluk en voorspoed in die komende jare sal wees.

Met die soek na mooi kerskaarte val my oog nou die dag weer op die woorde van Angelus Silesius:

“En al word Christus ‘n duisend maal in Bethlehem gebore

en nie in jou nie, dan bly jy verlore” - dit laat ‘n mens werklik weer met nuwe oë na hierdie tyd van die jaar kyk; naamlik dat ons verby die blink van papier en plastiek sal kyk en sal beseef:

“God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê”

Mag hierdie Kerstyd werklik vir elke lidmaat ‘n Christusfees wees en die nuwe jaar besaai word met geluk, vrede en blydschap.

Rietfluit-redaksie

